# *Ars erotica* en die detrivialisering van die seksuele diskoers: ’n Aantekening by die seksualiteitsanalise van Michel Foucault[1]

**Johann Beukes (Kriel)**

**Navorsingsgenoot: Hervormde Teologiese Kollege**

**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

### *Ars erotica* and the detrivialization of the sexual discourse: An annotation to Michel Foucault’s analysis of sexuality

***This essay is an attempt to detrivialize and depublicize the sexual discourse by reintroducing an aspect of Michel Foucault’s historiography of sexuality, namely his analysis of the intrinsic private nature of ars erotica, the classic notion of secretive eroticism. The article argues that sexuality has become an essentially public, objectifying and therefore oppressive discourse in modernity. By presenting the privatistic notion of ‘radical discretion’, it attempts to reclaim the deepest of ars erotica sentiments, namely the virtue of silence, in erotic contexts.***

## 1. INLEIDING

Ons bevind ons in ’n tyd waar niks meer geheim of stil is nie. Die verlies aan tematiese stiltes en diepste ongesegdes moet as een van die skrikwekkendste reperkussies van die moderne projek aangemerk word. Die moderne projek, as sou dit vertrek vanuit die outonomiteit van ’n gesentraliseerde en daarom self-publiekstellende subjek, het die private voorkeur vir swye, geheime en stilte afgewys ten gunste van die wetenskaplike en

[1] Voordrag gehou by die opedag van die Hervormde Teologiese Kollege op die kampus van die Universiteit van Pretoria op Nasionale Vrouedag, 9 Augustus 2001.

tegniese publisering[2] van die werklikheid. Nie net word elke sosiale sfeer en die natuurwerklikheid deur hierdie subjek oopgedink nie, maar ook elke stil, swygsame en geheime handeling mettertyd gepubliseer en publiek gestel. Dit bevestig die fetisherende dinamika van die kultuurindustrie[3]: dat die essensieel private handeling mettertyd publieke kommoditeit word, wat op sy beurt dui op die beheersing en kontrole van die individu en van die partikuliere, private ruimtes waarbinne die individu bestaan. Die toenemende publiekstelling en publisering van ’n intrinsiek stil, geheime en selfs privaat verskynsel soos seksualiteit behoort as ’n moderne meganisme vir sentrale beheer, die onderdrukking van die individu en daarom as ’n vorm van skadelike selfverlies herken te word. Dit is dus my bedoeling om in hierdie voordrag skerp teë te werp op die moderne trivialisering en demistifisering van seksualiteit, omdat die publiekstelling van die private ruimte en die onderwerpende organisering van die individu – veral binne die kritiese tradisie van Frankfurtse denkers soos Adorno en Horkheimer en enigsins subversiewe Franse denkers soos De Sade, Foucault en Deleuze – reeds as skadelike sinonieme ontmasker is. Anders gesê: die detrivialisering en depublisering van seksualiteit is ’n modernkritiese oefening in die sin dat dit gelyktydig ’n desentralisering van die subjek is.

Die eerste beweging in die publiekstelling van seksualiteit is die priviligering van rasionaliteit (as die moderne fasiliteerder van publieke ruimtes) en die daaropvolgende dualisering van die rede en die liggaam. In skerp teenstelling met die vroeg-moderne dualisme van liggaam en gees, en meer pertinent, met die laat-Middeleeuse

[2] Met publisering word nie net die publiekstelling of openbaarmaking van die private ruimte bedoel nie, maar ook die wyse waarop die private ruimte tot publieke diskoers *gemedieer* word, waarvan die beelde-media, veral satelliettelevisie en die internet, in ons tyd die sterkste eksponent geword het: Foucault se analise van Bentham se *Panopticon*, waar die individu konstant gemonitor word en die private ruimte uiteindelik volkome opgehef word, dui skrikwekkend aan hoe moderniteit se panoptiese magsug met die indringing van private ruimtes, soos die seksuele ruimte, knoop. ’n Tipiese konsekwensie van hierdie indringing is sogenaamde werklikheidstelevisie, die vroedvrou van programme soos *The Jerry Springer Show* en *Big Brother*, waar individuele ruimtes versmelt tot vermaaklikheidsfetishes vir publieke konsumpsie.

[3] Vgl Adorno en Horkheimer se teorie van die kultuurindustrie (Adorno & Horkheimer 1984:141ev): Moderniteit neig toenemend om die privaatwêreld te kontroleer, sodat elke individu as ’n geïsoleerde enkeling met 'n skynbaar gesentraliseerde magsapparaat bedreig word. Die strewe na ’n allesomvattende beheersing, wat eksemplaries in kultuurindustriële ordeninge opgeneem is en ten volle in sisteme soos politieke totalitarisme tot ontplooiing kom, het die kritiese oorsprong daarvan in die eliminering van dit wat privaat, nie-publiek en nie-publiseerbaar is.

onderwaardering van die liggaam as die donker, non-erotiese skaduwee[4] waarvan ’n verligte rede bevry moes word, betoog ’n beduidende aantal postmoderne denkers dat dit juis die liggaam en daarom ook die erotiese gesteldheid van die liggaam is wat bevry moet word van die gevangenisskap van ’n reduserende of instrumentele[5] rasionaliteit. Die liggaam en elke funksie van die liggaam, soos wat De Sade lank reeds voor tipies kontramoderne denkers soos Foucault, Georges Bataille[6] en Gilles Deleuze[7] gepleit het, moet in ere herstel word. Die rehabilitering van die liggaam en élke funksie van die liggaam is inderdaad ’n belangrike moment in ’n kontramoderne perspektief op seksualiteit. Maar juis die rehabilitering van die liggaam en elke funksie van die liggaam bring ons by ’n selfs wesenliker probleem rakende liggaamlikheid en seksualiteit, naamlik die wyse waarop seksualiteit sedert die sewentiende eeu deel van die openbare ruimte, daarom diskoers[8], geword het.

Die vernietigende aard van hierdie modern-publieke diskoers kan ingelei word deur die trilogiese seksualiteitshistoriografie van Michel Foucault, *The history of sexuality, I-III* (Foucault 1978, 1985, 1986), aan die orde te stel. Eers bykans twee-honderd jaar ná De Sade se Verligtingskritiese *Juliette*, word die Westerse wêreld in hierdie epogmakende trilogie weer met ’n seminale analise van seksualiteit gekon-fronteer. Michel Foucault (1929-1984) was geen biblioteekfilosoof nie, maar ’n radikale lewensdenker wat, veral later in sy lewe, geleef het wat hy geleer het. Tydens sy lesingverblyf by die Universiteit van Berkeley in die VSA in die laat sewentiger- en vroeë tagtigerjare, het hy die berugte stoombaddens in die San Francisco Bay area so

---

[4] Vgl Foucault (1970:211).

[5] Vgl Horkheimer (1974:3-4).

[6] Vgl Bataille (1987:177-198) se De Sade and the normal man.

[7] Vgl veral Deleuze (1991:58ev) se Coldness and Cruelty.

[8] Met *diskoers* word bedoel iets wat openbaar gemaak of publiek gestel word en dan in die publieke arena gehou word. Elke diskoers was eens ’n private gedagte of handeling. Geen diskoers is daarom intrinsiek publiek nie. Vir ’n perspektief op die intieme aard van erotika en seksualiteit is dit vanselfsprekend 'n belangrike begrip.

gereeld besoek as wat hy kon[9]. Daar is hy ook aan BDSM[10] bekendgestel en hy het van daar af volledig meegedoen aan alles wat hierdie seksuele *cum* intellektuele subkultuur hom moontlik kon bied. Welwetende wat die implikasies van promiskuïteit in die Vigs-geïnfesteerde San Francisco in die vroeë tagtigerjare was, het Foucault hom in die BDSM-subkultuur bewustelik bly oopstel vir verstommende erotiese impulse, die soort impulse waarvoor die menslike gees normaalweg verskrik sou bly staan. Ietwat patroniserend sou opgemerk kon word dat hy met sy lewe daarvan sou afkom. Die derde volume van *The history of sexuality* is op sy sterfbed in 1984 afgehandel en postuum in 1985 gepubliseer.

Tipies van 'n werkswyse en stemming wat deur geheel sy oeuvre merkbaar is, poog Foucault in die drie volumes van *The history of sexuality* om die Westerse samelewing as 'n inherent dialektiese verskynsel te tipeer: daar is telkens meer aan hierdie samelewing en veral die institusies van hierdie samelewing as wat met die eerste kultuurkritiese oogopslag blyk. Foucault poog naamlik in hierdie trilogie om die algemene opvatting dat die Westerse samelewing 'n onderdrukking van seksualiteit sedert die sewentiende eeu beleef het, binne kritiese perspektief te stel. Die gangbare opvatting, selfs tot so onlangs as in die sestigerjare, was dat seksualiteit sedert die sewentiende eeu iets non-eksistent was, iets wat onderdruk en gemarginaliseer is en dat dit daarom nie moontlik is om enige wesenlike uitsprake te maak oor die seksualiteits-

---

9 Vir 'n uitstekende bespreking van Foucault se persoonlike interesse in die intellektuele kwaliteite van seksualiteit en die pertinent seksuele kwaliteite van filosofie, kyk Miller (1993:34, 242-243, 280, 319-320). Vir 'n anekdotiese bespreking van Foucault se dikwels waaghalsige verkenning van die San Francisco Bay-area en selfs New York City se erotiese ruimtes in 1983 – 'n jaar voor sy dood – kyk Mohr (1988:268).

10 Die algemene afkorting vir *Bondage & Sado-Masochism*, verwysende na die praktyke van die betrokke seksuele subkultuur wat die verhouding tussen pyn, mag, erotiese plesier en uiteindelik die dood self op teatrale wyse verken. Hierdie praktyke wissel vanaf intelligente, seksueel-implisiete magsverhoudinge tussen *Dominatrii* en *Submissives* tot uiters teatrale seksuele handelinge. Die bestaan van seksuele subkulture moet nie aan pornografie gelykgestel word nie, hoewel die handelinge van seksuele subkulture soos BDSM en orgieopwekking sekerlik pornografies uitgebeeld kan word. Foucault byvoorbeeld, het pornografie, vanweë die passiewe, reaktiewe aard daarvan, in betreklik skerp taal afgewys (vgl Miller [1993:238]). Daarby, natuurlik, verteenwoordig pornografie die verwerplikste hoogtepunt van kommoditeitsfetishisme: *Nowadays, every man is a gynaecologist*. Die betekenisvolste eienskap van die handelinge van seksuele subkulture daartéénoor is die aura van subversie, stilte en die klem op die soort klandestiene geheimhouding wat dit omgewe. Hierdie geheimvolle karakter van seksuele subkulture is onlangs treffend kinematografies uitgebeeld in Stanley Kubrick se *Eyes Wide Shut*, 'n hoogs erotiese, dog onpornografiese, intieme rolprent.

beskouing van die periode vanaf die sewentiende eeu tot diep in die twintigste eeu nie, omdat seksualiteit na hierdie opvatting eers diskoers sou word met die afloop van die kultuurrevolusie van die sestigerjare[11].

In die sewentigerjare, toe Foucault aan die eerste volume begin skryf het, was die seksuele revolusie van die sestigerjare reeds voltrek. Tipies seksueel-populistiese opvattinge, soos dié van die psigoanalis Wilhelm Reich, wat geleer het dat mentale gesondheid regstreeks korrespondeer met die bevryding en vrystelling van seksuele energie, is deur die jong geslag blommekinders as normatief aanvaar, terwyl die verlede toenemend beskou is as ’n duister tyd waar die seksuele diskoers verbode was. Foucault wys hierdie populistiese beskouing van historiese seksualiteit as volkome foutief uit. Foucault dui naamlik aan dat die Westerse samelewing sistematies dog repressief gefikseer het op seksualiteit. Die sosiale konvensies wat seksualiteit verbied het, het juis ’n diskoers ten opsigte van seksualiteit tot stand gebring, op grond waarvan seksualiteit juis ’n openbare alomteenwoordige geword het. Die konsep seksualiteit is self ’n resultaat van hierdie diskoers en daarom is seksualiteit self volgens Foucault ’n betreklik resente *uitvinding*. Die verbod op seksualiteit het egter, afgesien dat dit ’n diskoers tot stand gebring het wat andersins nooit tot stand sou kom nie, ook ’n konstruktiewe vermoë geopenbaar: die verbod op seksualiteit het naamlik seksuele identiteite geskep en ’n meervoudigheid van seksualiteite bevorder wat andersins nooit sou bestaan het nie. Foucault vind die primêre openbare ruimte waarin seksualiteit diskoers geword het, juis terug in ’n kerklike handeling, te wete die bieg. Wat hierop volg, is ’n rudimentêre weergawe van Foucault se analise, met besondere aksent op sy argument in die eerste volume van *The history of sexuality*.

---

[11] Die plaaslike burgery verkeer klaarblyklik onder die indruk dat dit maar eers onlangs was dat seksualiteit in die openbare ruimte aan die orde gebring is. ’n Mens staan telkens verstom voor die wyse waarop seksualiteit in veral die Afrikaanse gedrukte en visuele media voorgestel word as ’n verskynsel waartoe veral die Afrikaanssprekende burgery nou uiteindelik bevry is om aan deel te neem. Hierdie burgery vind dit klaarblyklik vernuwend en bevrydend dat seksklets deel uitmaak van haas elke openbare gesprek, ongeag die trivialiserende, geheim-vernietigende implikasies daarvan. ’n Mens sou trouens kon reken dat seksualiteit tans op min ander plekke in die wêreld so getrivialiseer is as juis in die Afrikaanssprekende leefwêreld.

## 2. DIE BIEGPRAKTYK AS OORSPRONKLIKE BASIS VAN SEKSUALITEIT AS DISKOERS

Daar is volgens Foucault histories wesenlik slegs twee perspektiewe op seksualiteit te vinde: in China, Japan, Indië en die Romeinse Ryk is seksualiteit beskou as *ars erotica*, of erotiese kuns, waar die begrip Seksualiteit uitsonderlike erotiese ervaringe en vaardighede gekonstitueer het en gewis nie geassosieer is met smet of skande wat deur konvensie uitgeban moes word nie. Seksualiteit is binne hierdie antieke kulturele kontekste privaat benader, geheim gehou, maar alleen op grond van die beskouing dat onnodige openbaarmaking seksuele plesier vernietig. Dit is ’n belangrike gedagte waarop ons spoedig terugkom.

In die Westerse samelewing is mettertyd egter ’n volkome ander verskynsel geskep, wat Foucault *scientia sexualis*, of die kennis van seksualiteit noem. S*cientia sexualis* is naamlik, oorspronklik in die sewentiende eeu, gebaseer op ’n verskynsel wat ’n presiese teenoorstelling van *ars erotica* was, naamlik die *bieg*. Daarmee bedoel Foucault nie bloot die Katolieke biegpraktyk nie, maar meer omvangryk die klaarblylike behoefte wat in die samelewing ontstaan het om daaroor – oor seks – te praat. Dit gaan nie hier oor byvoorbeeld die bieg van seksuele ontrouheid of seksuele vergrype nie, maar oor die bieg van die seksuele handeling *as sodanig*. So was dit dan ’n vereiste dat selfs waar getroude mense seks gehad het, daaroor by ’n priester gebieg moes word. Want wie sou kon sê wat die man/vrou nie alles gedurende koïtus gesê of gedink het wat nie bykans inkwisisioneel as sondig aangemerk moes word nie? Hierdeur is ’n fiksasie geskep om die waarheid oor seksualiteit te priviligeer, ’n waarheid wat gebieg moes word, openbaar gemaak moes word. Foucault (1988:110-111) vra hom retories af: *How is it that in a society like ours, sexuality is not simply a means of reproducing the species, the family, and the individual? Not simply a means to obtain pleasure and enjoyment? How has sexuality come to be considered the priviliged place where our deepest truth is read and expressed?*[12]. Dit is met ander woorde asof seksualiteit nie bestaan het nie totdat dit oopgebieg is of verklaar is, totdat dit openbaar gemaak is. Foucault (1978:109) skryf ook:

[12] Ek hou hier by die Engelse teks vanweë ’n vertalingsprobleem wat ervaar word met die gelade hermeneutiese begrippe *read and expressed.*

Ons samelewing het sedertdien ’n abnormaal belydende, openbaarmakende samelewing geword. Die bieg se gevolge het wyd versprei: in die regstelsel, in geneeskunde, in opvoedkunde, in gesinsverhoudinge, in liefdesverhoudinge, in die alledaagse bestaan en in ons eietydse biegrituele: misdaad word gebieg, sondes word gebieg, denke en begeertes word gebieg, ’n mens se geskiedenis word gebieg, ’n mens se drome[13] word gebieg, ’n mens se kinderdae word gebieg, ’n mens se siektes en afwykings word gebieg...

Daar blyk dus volgens Foucault sedert die sewentiende eeu ’n kompulsie in ons samelewing om ’n mens se seksualiteit openbaar te maak ten einde die bestaan van seksualiteit te bevestig. In *ars erotica* word egter ’n volkome ander gerigtheid gevind, waar mense tevrede is om seksualiteit stil, privaat en geheim te hou, telkens in die mees positiewe sin van die woord.

Die rede waarom seksualiteit gebieg of openbaar gemaak moes word, word volgens Foucault gevind in die Christendom se klassieke beskouing van seksualiteit as iets verraderliks, iets wat slegs gevind kan word deur versigtige ondersoek en introspeksie. Juis daarom moes elke seksuele detail openbaar gemaak word in die bieg, elke spoor van plesier moes ondersoek word om dieper letsels van die sonde te vind. Die rede waarom seksualiteit vandag as van so ’n publieke belang geag word in ons samelewing, is volgens Foucault in hierdie aandag aan detail in die sewentiende-eeuse bieg terug te vind. Die kerk se historiese verklaring van seksualiteit as iets met ’n pertinent sondige kwaliteit, het seksualiteit nie getemper nie, trouens net die teenoorgestelde: die konsep van seksualiteit is hierdeur versterk en seksualiteit het juis oral sigbaar geword.

## 3. DIE VERWETENSKAPLIKING VAN SEKSUALITEIT IN DIE NEGENTIENDE EEU

In die negentiende eeu het daar volgens Foucault ’n merkwaardige en betreklik abrupte verandering in die Westerse samelewing se perspektief op seksualiteit plaasgevind. Die

[13] Hiermee spreek Foucault terloops sterk kritiek uit teenoor psigoanalise as die die moderne, wetenskaplike verskyningsvorm van die bieg. Foucault sien in psigoanalise ’n moderne legitimering van die seksualiteitsbieg. In psigonanalise word alles verduidelik in terme van onderdrukte seksualiteit en die psigoanalis is die enigste interpreteerder daarvan. In psigoanalise is seksualiteit dus nie iets wat bloot deur mense geheim gehou word, weggesteek word nie, maar iets wat vir mense self geheim gehou word.

sewentiende-eeuse perspektief op seksualiteit as iets sondigs wat gebieg, in die biegkamer openbaar gemaak moes word, het gemuteer. Die negentiende-eeuse perspektief op seksualiteit het naamlik stelselmatig aangepas by die moderne eise van rasionele verantwoording deur sigself as 'n *kunde* of *wetenskap* aan te dien. Foucault bedoel hiermee dat seksualiteit sedert die negentiende eeu rasioneel geanaliseer en seksualiteite uitsluitend en afgrensend gedefinieer is. Nou is seksualiteit nie meer bloot gebieg nie, maar gediagnoseer, opgeteken en verklaar. Dit het die openbaarmaking van seksualiteit selfs meer dramaties verhoog as wat die geval aanvanklik met die bieg was.

Die eerste tendens wat uit hierdie wetenskaplike verklarings van seksualiteit na vore sou tree, was die skep van 'n bepaalde seksuele terminologie, veral met verwysing na begrippe soos onnatuurlik en pervers: dit wat nie verklaar kon word volgens die logiese analises en premisses van die wetenskaplike rede nie, moes 'n naam, 'n tipering kry op grond waarvan dit uit die belang van die wetenskap en daarom uit die funksies van die samelewing gesluit kon word. In die sewentiende eeu was die fokus volgens Foucault veral op die regulering van die seksualiteit van getroude mense en is buite-huwelikse seksuele relasies selfs in 'n mindere mate as seks binne huweliksverband met die bieg gekonfronteer. In die negentiende eeu is daar egter juis begin om te fokus op die andersoortige seksuele relasie, die soort relasie wat nie inpas nie: die seksualiteite van subjekte soos (ongetroude, seksueel-aktiewe) vroue, waansinniges en homoseksuele.

Perversiteit het in die negentiende eeu 'n *tipe* begin aandui, dit het 'n groep in stede van 'n eienskap geword. Daar is vanuit premisses soos perversiteit en abnormaliteit begin om seksualiteit te beskou as die kern van sommige mense se sosiale identiteit. Homoseksuele verhoudings byvoorbeeld, is in die sewentiende eeu beskou as net nog 'n sonde waaroor gebieg sou moes word, maar in die negentiende eeu tree die homoseksueel as 'n afwysbare groep, 'n *tipe*, na vore: Die sodomiet was 'n ou sondaar, maar die homoseksueel is nou 'n spesie (Foucault 1978:191). Die vrou, homoseksueel, waansinnige en krimineel van die negentiende eeu word volgens Foucault 'n subjek waarvan die verlede, geskiedenis en jeug, die persoonlikheid, lewensstyl en liggaamlikheid, direk herlei word na sy/haar seksualiteit. Niks van die vrou, homoseksueel, waansinnige of krimineel se volledige persoon ontsnap sy/haar seksualiteit nie. Om homoseksuele, byvoorbeeld, vandag as 'n groep te beskou is 'n algemene opvatting, maar

voor die negentiende eeu sou die gedagte volgens Foucault nooit eens opgekom het om te vra of homoseksualiteit deur genetiese faktore of deur opvoedingsfaktore gevorm word nie. Dit is eenvoudig nie beskou as ’n fundamentele deel van die persoon nie, maar eerder as bloot ’n sondige handeling, as iets wat hy of sy verkeerd gedoen het en daarom gebieg moes word. Meer indringend nog is die feit dat die tipering van individue ’n deïndividualiserende bedryf is: wie eers eenmaal publiek in die groep, spesie of tipe gestel is, staan nie maklik weer in die eie privaatruimte nie. Die groep, die algemene, die publieke, hef die sonderlinge, die partikuliere en die individueel-private op.

Seksualiteit is egter in die negentiende eeu nie net verklaar tot objek van studie in die mediese wetenskap nie. Foucault identifiseer vier herhalende temas wat sistematies in ander dissiplines bestudeer is:

- Die liggame van vroue word in die negentiende eeu multi-dissiplinêr geseksualiseer vanweë die rol daarvan as geboorteorgaan. Die konsep van histerie, byvoorbeeld, word ontwikkel en gediagnoseer as die resultaat van seksuele probleme[14];
- Die pedagogisering van die seksualiteit van kinders word in die negentiende eeu wyd bestudeer. Kinders moet ten alle koste beskerm word teen die gevare inherent aan masturbasie en hulle seksualiteit in die algemeen;
- Die sosialisering van voortplanting geniet intense aandag deur dit in verband te bring met die fundamentele uitgangspunte van die biologiese en sosiologiese evolusieleer. Die belangrikheid van seksualiteit vir voortplanting en die behoud van die spesie word gekontekstualiseer binne dissiplines soos demografie en sosiologie;
- Die seksualiteit van volwassenes word ’n enorme terrein van studie op grond waarvan alle vorme van perverse afwykings as gevaarlik en uiteindelik as dissident getipeer word. Die hoogtepunt hiervan was waarskynlik die reduksionistiese studies van Masters & Johnson in die vyftigerjare op grond waarvan, byvoorbeeld, die vroulike orgasme omvattend fisiologies en psigologies bestudeer is en die resultate wye akademiese belangstelling en mediadekking geniet het.

[14] Vgl ook Du Preez (2001:25-46).

Wat het hierdie wetenskaplike strategieë om seksualiteit te verklaar dan beteken? Was dit ’n verset teen seksualiteit? Of was dit ’n poging om seksualiteit self te beheer? Foucault reken eerder dat dit hier gegaan het oor die begeerte om dit wat buite die grense van rasionaliteit lê, binne te haal binne die grense van rasionele begrip. Dit gaan hier oor ’n poging om dit wat as privaat/partikulier geld, publieke/universele gestalte te probeer gee[15]. Volgens Foucault sou elke poging om so met seksualiteit om te gaan, uiteindelik moes faal: *dit universaliseer ’n kulturele partikulariteit en publiseer ’n private ruimte*. Seksualiteit en seksuele gedrag het geen universele verwysingspunt in die werklikheid as sou dit ’n natuurlike kategorie wees nie. Dit veronderstel ’n privaatruimte – waarbinne dit aanvanklik sosiaal gekonstrueer word. Seksualiteit is daarom ’n sosiale konstruksie, waarvan die kategorieë net binne die konteks van ’n bepaalde, private ruimte kan bestaan en waarvan die kategorieë nie oorgedra kan word na ander ruimtes nie. Die grootste deel van die betekenis van seksualiteit vestig dus in die private, kontekstuele konnotasies daarvan.

## 4. *ARS EROTICA* EN RADIKALE DISKRESIE

Die eerste belangrike implikasie van Foucault se analise vir ’n detrivialiserende gesprek oor seksualiteit, ook (selfs veral) binne die kerk, het te make met die verhouding tussen publieke ruimte en private ruimte. Die private kwaliteit van seksualiteit is aanvanklik ondermyn deur die bieg en later, deur die verwetenskapliking van seksualiteit, volledig tot binne die publieke ruimte gebring. In die postmoderne tyd is hierdie publiekstelling van seksualiteit ’n hiperwerklikheid. Die vrye, ongesensureerde vloei van inligting en die feit dat die postmoderne kultuur wesenlik ’n visuele- of beeldkultuur en ’n mediakultuur is, bring mee dat alles voorhande is, niks meer geheim is nie, niks uitstaande is nie, niks geag word buite die oop, grenslose ruimtes van demokratisering, die internet, kanaaltelevisie en die hiperopenbare opvatting van publieke verantwoordelikheid ’n bestaansreg te hê nie. Seksualiteit is trouens in ons samelewing reeds in só ’n mate publiek gestel dat

---

15 Foucault benadruk wel dat die morele kodes wat hieruit voorgekom het nie die oogmerk gehad het om volledig weg te doen met seksualiteit nie, maar eerder om gesondheid en voortplanting te verbeter. Talle vorme van seksualiteit is beskou as skadelik en die wetenskap was in die negentiende eeu formeel die fasiliteerder van openbare gesondheid en die suiwerheid van die ras. Nadat seksualiteit geïdentifiseer is en met oorwegings soos gesondheid en normaliteit in verband gebring is, kon hierdie nuwe uitvinding, Seksualiteit, behoorlik ontwerp word.

daar sprake is van die trivialisering van selfs die liggaam en uiteindelik die hiper-realisering en gevolglike obsoleetstelling daarvan[16]. Dit is duidelik dat seksualiteit bloot nóg temas vir publieke interesse, verbruik en vermaak verskaf en moet skynbaar aanvaar word dat die seksuele privaatruimte volledig verdaag of minstens ernstig gekompromiteer is. Wat tans beleef word, is die logiese konsekwensies van die bieg en die verweten-skapliking van seksualiteit, kortom, die transformasie van seksualiteit deur die publiekstelling van seksualiteit. Met die hiperrealisering van seksualiteit gaan ook ’n onderwerpende voorskriftelikheid gepaard: wat goeie seks behels en wat dit nie behels nie en watter burgerlike en openbare belange deur seks gedien behoort te word[17].

’n Mens vind in Foucault se teks ’n versweë, dog pertinente versugting na die soort stilte, geheimenis en diskresie wat deur *ars erotica* gehandhaaf word. Ek wil sterk by hierdie opvatting aansluiting vind. Die kerk kan ’n doeltreffende agent vir die detrivialisering van seksualiteit wees, wanneer die kerk sigself beywer vir die handhawing en instandhouding van die seksuele ruimte as ’n privaatruimte van individue. *Ars erotica* handhaaf ’n stilte rondom die seksuele handeling, nie omdat dit iets smetliks is waaroor eerder nie gepraat behoort te word nie, maar omdat die vernietiging van die private kwaliteit van die seksuele handeling seksuele plesier self vernietig. Dit sou die kerk baat om seksualiteit voor te stel as *ars erotica*, waar die seksuele ervaring as erotiese en estetiese misterie eerbiedig word, nie iets wat gebieg word nie, nie voortdurende analise en bespreking behoef nie, nie deur konvensies gereguleer word nie.

Die druk word al hoe groter dat die kerk deel moet neem aan die openbare diskoers oor seksualiteit en meer uitgesproke en op die man af oor seksuele aange-leenthede behoort te wees. Die kerk hoef nie aan hierdie druk toe te gee nie. Die kerk kan oor seksualiteit praat net wanneer dit werklik nie anders kan nie – hier het ek enersyds enkele strafregtelike oorwegings (verkragting en onsedelike aanranding) en andersyds slegs ’n afstandelike vorm van seksvoorligting (dan ook net meganiese

---

16 Verwysende na die groeiende interesse in kuberseksualiteit (vgl Du Preez [2000:144-149]). Die logiese konsekwensie van kuberseks is die obsoleetheid van die liggaam.

17 Dit geld natuurlik in die eerste plek vir ekonomiese belange. Vergelyk byvoorbeeld die wyse waarop die reklamewese seksualiteit heel onbevange koppel aan kommoditeite: Hiervan is die besigheidsvrou wat in 'n vergadering orgasmiese konvulsies beleef wanneer sy oor haar nuwe Italiaanse motor fantaseer, of die raaiselagtige sukses van voorblaaie met ’n skraps-geklede jong dame op die enjinkap van ’n motor, onmiddellike voorbeelde. Afgesien van die eksploiterende kwaliteit van hierdie reklamestrategieë, verraai dit telkens die komplekse weefdrade van die publieke verhouding tussen kapitalisme en seksualiteit.

voorligting ten opsigte van HIV/Vigs, geslagsiektes en die risikos van onbeplande swangerskappe) in oog. Ek kan nie aan enige ander oorweging dink wat inmenging van die kerk in die private ruimtes van individue regverdig nie: Die kerk kan juis die eerste publieke forum wees waar die private ruimtes van individue gerespekteer word.

Teenoor ’n gevestigde ondersoekende mentaliteit van die kerk, waar individue se private ruimtes in tugondersoeke en sensuurhandelinge oopgestel en publiek gemaak word, of seksuele oriëntasie sonder meer aan die leer en lewe van die gelowige gekoppel word – skrikwekkender nog as die bieg, dog kwalik – asook die kerk se ongesonde historiese interesse in die seksuele gedrag van individue, kan die kerk die eerste ruimte wees waar aanvaar word dat die private ruimte nóg deur die kerk nóg deur enige ander publieke forum gekompromiteer behoort te word. Dit beteken nie dat die gesprek oor seksualiteit in die kerk noodwendig gesystap word nie. Die gesprek oor seksualiteit in die kerk, en net daar waar stilte nie langer gehandhaaf kán word nie, kan wel met die diskresionêre ondertone van *ars erotica* gekoppel te word. Die implikasie van ’n *ars erotica* benadering tot seksualiteit vir die hantering van voorligting ten opsigte van Vigs/HIV byvoorbeeld, is belofteryk. Tesame met meganiese voorligting rondom die vermyding van blootstelling in hierdie verband, kan *ars erotica* die aandag primêr fokus op dit wat selfs sterker pro-aktief is: die keuse van ’n bedmaat met diskresie, die lei van ’n seksuele lewe met diskresie. Stilte, eerbied vir die intieme aard van seksualiteit, kan die kenmerk van die kerklike diskoers (as eweneens ’n publieke diskoers) oor seksualiteit wees: voorligting en vermaning is draaglik nog net wanneer dit beskou word as meganismes vir juis die instandhouding van die geheimenis, nie as meganismes vir die publisering van ’n private ruimte nie.

Die diskresie hier ter sprake moet ook nie met ’n burgerlike soort beleefdheid teenoor ’n bedmaat – *a gentleman never tells, a lady never winks* – verwar word nie. Nee, die diskresie wat deur *ars erotica* veronderstel word, moet as *radikale* diskresie benoem word. Dit is ’n diskresie wat, indien dit daarop sou aankom, die Batailliaanse verkenning van erotiese taboes toelaat, selfs aanmoedig. Dit is ’n transgressiewe, nuuskierige, verkennende diskresie – maar die resultaat van die verkenning bly voortdurend uitstaande. Ek is dus nie besig om hier van nuuts af te moraliseer nie, maar het hier juis die nie-voorskriftelike, radikale diskresie wat in talle seksuele subkulture aangetref word, in gedagte. In die nie-pornografiese seksuele subkulture van BDSM, paganisme en

orgieopwekking byvoorbeeld, word seksualiteit gekoppel aan ’n eerbied vir die misterieuse, bykans sakramentele kwaliteit van seks en ’n radikale verset teen die trivialisering van seksualiteit. Seksualiteit is die geheimenis van dit wat nog ontdek moet word, dit wat tans nog uitgestel is. Seksualiteit is daarom ’n ontdekkingstog na die grense van die Self en nie die grense van die samelewing, die publieke ruimte, nie. Dit is ’n privaat ontdekkingstog wat nooit openbaar gemaak word nie. Nie-pornografiese BDSM byvoorbeeld, is geslaagd klandestien omdat die praktiseerders daarvan seksuele genot met uitgestelde grense, met onontdekte geheime en die donker labirinte van die Self verbind. Miskien sou dit die kerk kon baat indien die kerk oor *vanilla sex*[18] dieselfde sou kon dink, toenemend minder publiek, met groter eerbied vir private ruimtes.

Ek sou versigtig wou aanvoer dat radikale diskresie, vanuit die klem op die handhawing van die partikuliere, private ruimte en juis die desentrering en depublisering van die seksuele subjek, as ’n postmoderne perspektief op seksualiteit sou kon dien. Radikale diskresie, soos holisme, is die herwinning van ’n klassieke wysheid met ’n postmoderne *twist*: *ars erotica* vir hulle wat nou reeds die *trivialis* gesien het en daarom behoefte het aan ’n nuwe eerbied vir ’n ou misterie.

## 5. DIE PRIVAATHEID VAN SEKSUELE IDENTITEIT

’n Tweede belangrike implikasie van Foucault se analise van seksualiteit is afgestem op die vermyding van seksuele stereotipering en ’n bewustelike, kritiese inagname van die kulturele inhoude van seksualiteit. Seks en seksualiteit is volgens Foucault partikulier en daarom waarnemerbepaald. Dit behoort ’n mens juis daarom versigtig vir eie aannames ten opsigte van seksualiteit te stem[19]. Met die verwetenskapliking van ’n diskoers wat deur die bieg openbaar gestel is, het seksualiteit sigself voltrek juis in bepaalde *aannames*, of minstens in onkritiese premisses: aannames en premisses rondom dit wat natuurlik, gesond, opbouend en normaal is en, daarteenoor, aannames rondom wat

[18] BDSM terminologie vir konvensionele vaginale seks tussen twee heteroseksuele, instemmende volwassenes; vgl Miller (1993:252ev).

[19] Dit geld in die eerste plek natuurlik vir my eie aannames rondom seksualiteit. Let in die vorige afdeling daarop dat moraliserende begrippe soos moet en behoort nêrens in my diskoers figureer nie, wel konstant die woord kan. Ek is dus nie preskriptief besig om 'n nuwe seksuele moraal te ontwerp of die seksuele kondisie van nuuts af te etiseer nie, maar juis doelgerig besig om die seksuele ruimte as ’n private ruimte van die subjek te desentraliseer en so buite bereik van universeel-kollektiewe, publiek-etiese aansprake te probeer plaas.

pervers, onnatuurlik, abnormaal en ongesond sou wees. So het die moderne openbare ruimte uiteindelik bepaal en gedefinieer wat die inhoud van 'n private ruimte behoort te wees. Hierdeur is seksuele tipes geskep wat óf binne óf buite die publieke seksualiteitsisteem staan. Die kriterium vir insluiting in hierdie sisteem, vir gesonde of normale seksualititeit dus, was die mate waarin die rede, as die magtigste manlike simbool van moderniteit en daarom uiteindelik die fallus self, gesentreer kon word. Priesters en wetenskaplikes, die fasiliteerders van die moderne seksuele diskoers, was mans. Met ander woorde, die sukses van die moderne seksuele diskoers was afhanklik van die mate waarin manlike behoeftes sentraal gestel kon word. In die moderne tyd vind ons sodoende 'n falliese ordening van seksuele differensie met, onderliggend daaraan, duidelike, verenigde, herkenbare seksualiteite. Die manlike seksuele identiteit het nie net homself bepaal nie, maar ook bepaal wat vroulike seksuele identiteit en elke ander seksuele identiteit behels. So het die manlike seksuele identiteit van ander seksuele identiteite nie-identiteite gemaak. Manlike seksuele identiteit stel moderniteit in staat om seksualiteit in die biegkamertjie te openbaar en later te verwetenskaplik. Dit verskaf aan die moderne studie van seksualiteit 'n invalshoek en argumentatiewe raamwerk. Dit maak alle ander seksuele identiteite, veral die duister, vroulike en onnatuurlike identiteite tipeerbaar as iets aweregs, iets anders.

Maar die postmoderne diskoers het hierdie vorme van nie-identiteit bevry deur dit tot spreke te bring, juis deur dit publiek af te speel teen manlike heteroseksuele identeit. Manlike heteroseksuele identiteit word in hierdie *play-off* herken as bloot net nog 'n verskyning van seksuele identiteit midde 'n pluralisering of veelvoudstelling van seksuele identiteite. Daarom is dit moontlik om die moderne opvatting van seksualiteit te prolifieer deur seksuele identiteite neweskikkend te stel. So verkry die vroulike seksuele identiteit 'n eie, private ruimte wat bedink kan word sonder die teenwoordigheid van die fallus. So word gewaarborg dat vroue se liggame nooit weer die objek van 'n bieggesprek, 'n onderwerpende, reduserende wetenskaplike studie en uiteindelik 'n imperialistiese opeising vir die stil van manlike seks- en geweldsdrifte sal wees nie. So word gewaarborg dat selfs tipiese buitestaanders in die samelewing, of dit 'n homoseksueel, 'n waansinnige, 'n nimfomaan of 'n misdadiger is, se volkome menswees nie gereduseer word tot 'n kultuurbepaalde seksuele naam of tipering nie.

Uit die desentrering van die fallus tree nie net nuwe ruimtes na vore nie, maar ook selfs 'n geheel nuwe identiteit: *androgeniese seksualiteit*, met polimorfe seksuele identiteite wat daaruit voortkom. Daar is werklik nog maar min in die Westerse samelewing oor wat as eg-manlik of as eg-vroulik beskou kan word. In die plek daarvan het 'n hoogs androgeniese kwaliteit na vore getree. Maar ook androgene subjekte en poligene subjekte soos die *queer*, *crossdresser* en transvestiet se seksualiteit word deur die moderne diskoers met 'n ewe groot mate van publiekstelling gekonfronteer as *vanilla* seksualiteit. Ook hulle private ruimtes is reeds ingedring. Die oop sirkel van radikale diskresie bied en waarborg egter ook aan hulle 'n private ruimte, sonder uitsondering, sonder diskriminasie, sonder waarde-oordeel, juis omdat elke seksuele kondisie stil en nie-publiek van aard gehou word.

Binne die oop sirkel van die radikale diskresie van *ars erotica* kan elke mens moontlik weer iets van sy of haar private, non-triviale seksuele identiteit begryp. Die misterie van die seksuele ontmoeting word langs die weg van *ars erotica* 'n stil, ongebiegde ruimte gewaarborg. Of, sou ek Foucault skerper kon napraat: waar die subjek ontruim is, word 'n nuwe ruimte geskep.

## Literatuurlys

Adorno, Th W & Horkheimer, M 1984. *Dialektik der Aufklärung: Th W Adorno Gesammelte Schriften*, Vol 3. Frankfurt am Main: Suhrkamp.

Bataille, G 1987. *Eroticism*. London: Marion Boyars.

Deleuze, G 1991. *Masochism*. New York: Zone Books.

Du Preez, A 2000. Lara Croft: Die ideale meisie is virtueel. *Fragmente* 5, 144-149

Du Preez, A 2001. Mediese diskoerse en histeriese liggame. *Fragmente* 7, 25-46.

Foucault, M 1970. *The order of things*. New York: Vintage.

Foucault, M 1978. *The history of sexuality, I*. New York: Vintage.

Foucault, M 1985. *(The history of sexuality, II). The use of pleasure*. New York: Vintage.

Foucault, M 1986. *(The history of sexuality, III). The care of the self*. New York: Vintage.

Foucault, M 1988. *Politics, philosophy, culture,* edited by L D Kritzman. New York: Vintage.

Horkheimer, M 1974. *Eclipse of reason*. New York: Continuum.

Miller, J 1993. *The passion of Michel Foucault*. London: Flamingo.

Mohr, R D 1988. *Gays/Justice.* New York: Random.